**WOENSDAG 8 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 1:12-26**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 1:24**

**Josef/Barsabbas – Soek biddend die wil van die Here**

Hoekom het Jesus alleen na die hemel opgevaar en nie sy dissipels met Hom saamgeneem nie? Jesus se verlossingswerk is afgehandel, maar die boodskap van verlossing moet nou na die uithoeke van die aarde geneem word (vs 8). Die Here het sy kerk hier op aarde agtergelaat sodat Hy deur sy kerk nou hierdie getuieniswerk kan verrig.

Ek en jy is deel van sy kerk. Is ons regtig daarvan bewus dat God deur ons werk? Hoe kan ons in hierdie bewustheid verdiep en bruikbaar vir die Here word? Die antwoord hierop is deur die drie dinge te doen wat die dissipels in Handelinge 1:12-24 gedoen het.

- Eerstens het die dissipels ná die hemelvaart van Jesus in die bovertrek biddend stil geword. Om stil te word voor die Here, is om jou van jou eie planne en idees te ontledig en jou afhanklikheid van Hom te erken.
- Tweedens het die dissipels biddend die wil van die Here gesoek. In Petrus se woorde tydens die vergadering wat in daardie tyd saamgeroep is, sien ons hoedat hulle die skrifte ondersoek het om God se wil te vind. Hulle het daaruit geleer dat ’n nuwe, twaalfde apostel gekies moes word.
- Derdens het die dissipels biddend die wil van die Here uitgevoer. Aan die hand van die vereistes vir apostelskap is twee name voorgelê, maar om te keer dat hulle eiewillig een as apostel kies, het hulle gebid en toe die lot gewerp. Duidelik word gestel dat die Here vir Mattias, en nie Josef (ook genoem Barsabbas) gekies het nie.

Geliefde, word jy gereeld biddend stil voor God, ontledig van eie planne en idees? Soek jy biddend die wil van die Here? Voer jy biddend sy wil uit?

Doen hierdie drie dinge en God sal jou gebruik om sy werk hier op aarde te doen.

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*
*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*